

7 Oktober

Skrifgedeelte: Lukas 13:22-30

Fokusgedeelte: Lukas 13:25-27

Here, is dié wat gered word, min?

“Here, is dié wat gered word, maar min?” Die skerpsinnige vraag van die vreemdeling (vers 22) raak elkeen van ons. Is ek binne of buite die hemelwoning? Die antwoord breek alle selfvoldaanheid af. Eers is daar die ontstellende ontnugtering. Daar kom ‘n oomblik wanneer die deur van die hemelwoning gesluit word en diegene wat buite is, buite sal bly. Dit kom met die doodsoomblik. Die wesentlike van die saak is dat geen omdraai dan meer moontlik is nie. Aangrypend is die Here se woordkeuse. Die wat roep dat die eienaar vir hulle moet oopmaak, staan *buite* en klop, en nie *binne* nie. Dan kom die ontstellende woorde as die eienaar sê dat hy hulle wat klop, nie ken nie (vers 25): “Ek weet nie waar julle vandaan kom nie.” Hoe kan ek, ‘n lidmaat, onbekend by Hom wees? Dit is moontlik. Jý wat die deur, Jesus Christus, nie ken nie, het nie plek nie; ook jý wat nog nie jou eie ek afgelê het en sy wil doen nie; ook jý wat ‘n toeskouer geword het. Die verskriklike is dat diesulkes die deur probeer oopbeur met hulle vermetelheid. Hulle het in sy nabyheid geëet en gedrink en hulle was saam toe daar gebid is. Die televisie en radio het ‘n oordenking in hulle huis uitgesaai. Desnieteenstaande dit alles was daar geen sondebelydenis, geen sug om genade nie. God ken ons tog en daarom moet ons binne wees.

Finaal is die woorde: “Ek weet nie waar julle vandaan kom nie. Niemand van julle het gedoen wat reg is nie. Maak dat julle van My af wegkom!” Daarom gee die Here dié ingrypende opdrag in vers 2: “Span al julle kragte in om by die nou deur in te gaan.” Die stryd is eerstens ‘n stryd met jouself. Jy moet die oorwinning behaal. Die nou deur eis selfverloëning van jou om daardeur te kom Dit is jou stryd tot die deur sluit.

Ds SD de Kock (Naboomspruit)